



Dordt-Nuus



Gemeentebled Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) September 2024

ORANIA

Eredienstye: Sondag: Oggend: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30.

Katksiasie: Sondag: 8:45

Posadres: Posbus 13, Orania 8752;

Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania

Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za

Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za

ALMA

Eredienstye: Sondag: oggend: 10:00

Katksiasie: Sondag: 12:00

Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380

Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma

Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com

Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail.com

Skrifoorndening

Die wyse manne uit die Ooste

Prof. L. Floor (uit: Die Betroubare Woord – Kom na My, Matt.1-13, 1981:25-26)

Lees: Matt.2:1-12:

Jesus is die Koning van die Jode (2:2), maar die eerste onderdane wat kom om die Koning wat gebore is te huldig, is heidene. Dis die lyn wat dwarsdeur die Evangelie volgens Matthéus loop: Jode verwerp Christus en heidene aanvaar Hom in geloof.

Die eerste onderdane wat kom om aan Christus hulde te bring, is geleerde manne uit die omgewing van Mesopotamië. Hulle bestudeer die sterre, maar in hul bygeloof verbind hulle elke ster met die lewe van 'n mens. 'n Besondere ster beteken vir hulle die geboorte van 'n koning (2:2). Die geleerde magiërs kom uit die land van Daniël. Waarskynlik het hulle sy profesie van 'n koning wat heerskappy en eer ontvang (Dan.7:14), met hulle heidense gedagtes vermeng.

God kom hierdie manne in hul heidense gedagte-wêreld tegemoet. Die besondere ster wat hulle sien, is die openbaring van God in die natuur. Maar die algemene openbaring – God se openbaring in die natuur – is vir 'n mens nie genoeg om by Christus uit te kom nie. Hulle steek in hulle soeke na die nuwe koning vas in Jerusalem (2:1). Daar kry hulle die lig uit die besondere openbaring. Herodes laat die owerpriesters en skrifgeleerdes van die volk bymekaarkom. Hulle wys vir Herodus en die Wyse manne op Miga 5:1 ("En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid").

Die wyse manne gaan dan op hul pad met net een teks uit die Ou Testament. Hulle het die Woord van God ontvang. Die ster kom dan op die tweede plek. Hy is 'n teken by die Woord (2:9,10). So vind hulle Christus, die Koning (2:11). Gelok deur die openbaring van God in die natuur word hulle verder gelei deur die openbaring van God in die Skrif en so kniel hulle neer voor die openbaring van God in die vlees.

Eers as die heidene die natuur (die ster) deur die bril van die Skriftuur (die Bybel) sien, kan hulle Christus vind (Calvyn).

In skille teenstelling met die moeite en inspanning wat heidene hulle getroos het om by Christuss uit te kom, staan die onverskilligheid en koue saaklikheid van die owerpriesters en skrifgeleerdes in Jerusalem. Hulle ken hulle Bybel (2:5,6). Hulle ken die Woord van Christus en oor Christus, maar dit bring hulle nie by die Christus van die Woord nie. Kerkmense met 'n maksimum aan Skrifkennis kom nie tot aanbidding van Christus nie, terwyl heidene met 'n minimum aan kennis van die woord van God gaan om Christus eerbiedig hulde te bring.

Die koue onverskilligheid van die owerpriesters en skrifgeleerdes sal later selfs in bittere vyandigheid oorgaan (26:35). Die skadu van die kruis val reeds oor hiedie gebeurtenis:

* Sy eie mense, die Jode met hulle leiers, het Hom nie aangeneem nie (Joh.1:11).

* Herodus, 'n afstammeling van Edom, voel hoe sy troon wankel. Hy wil die Kindjie doodmaak (2:7, 12).

* * * * *

Van die kerkraad se tafel

ORANIA

Eredienstye: Vanaf 1 September sal die eredienstye weer op die somertyd wees nl. 10:00 in die oggend en 18:00 in die middag. Katksiasier tye bly soos dit is nl. 8:45.

Nuwe lidmaat: Vernon Jones is as dooplidmaat in die gemeente opgeneem. Hy is besig om te katkiseer en sal binnekort, as die Here wil, belydenis aflê. Hartlik welkom in die gemeente, Vernon!

Gemeentelike samekoms: Die kerkraad het voorlopig besluit om Saterdag 30 November 'n gesellige byeenkoms te hou. Hou die datum asb in gedagte. Die versamelplek: Die woonplek van Gerrie en Karen Tomlinson.

* * * * *

Seënbede:

ORANIA

Verjaarsdae: Die seën van die Here toegebid op die volgende br's en sr's wat in September verjaar: Frans Marx snr 10de; Rinie du Toit 16de; Hendrien Marx 16de; ; Carien Strauss 17de;

Huweliksherdenkings: Die volgende br's en sr's herdenk hulle huweliksbevestiging in September: Pieter en Jodina Steenkamp die 14^{de}, en Frans en Roné Marx op die 30^{ste}. Hulle word die Here se rykste seën vir die komende jaar toegebid.

ALMA

Verjaarsdae: Mag die volgende broeders en susters wat in September verjaar die seën van die Here ryklik ervaar: Danie Erasmus 2de; Lounel de Villiers 4de; Rencia de Villiers snr 5de; Jan de Villiers 7de; Ethienne Earasmus 10de; Maryna en Chrisna Erasmus 22ste.

* * * * *

Lief en leed

ORANIA

Nuwe werk: Sr. Cara Tomlinson is pas deur die FAK as Kultuurkoördineerder van die Noord Kaap aangestel. Kultuurkoördineerders werk aktief aan die bewaring, beskerming, behoud en bevordering van die Afrikanerkultuur, taal en geskiedenis. Cara sal vanuit Orania die Noord-Kaapstreek bedien. Ons wens haar geluk dat sy die geleentheid het om die kultuuropdrag wat God aan ons gegee het om te heers en te bewerk en te bewaak in Sy Naam te mag uitvoer. Sterkte Cara met hierdie groot verantwoordlikheid wat aan jou opgedra is. Ons gebede is met jou.

Bybel vasvra: Ons is dankbaar vir almal wat aan die Bybelvasvra van die BCVO-skole deelgeneem het en hulle aanmoedig om te volhard, om God en Sy Woord daarmee beter te leer ken en liefkry.

ALMA

Siekte: Br. Boeta Erasmus is al 3 weke siek in die bed. Hy sukkel met erge moegheid en hoofpyn. Dit gaan al bietjie beter. Ons bid dat die Here hom spoedig sy kragte sal laat herwin sodat hy weer vol en aktief in Sy diens kan staan.

Feesviering: Die gemeente sal na die erediens op Sondag 1^{ste} Sept. sr Rencia de Villiers se verjaarsdag feestelike vier saam met die hele familie.

* * * * *

Hoe weet ek dat ek uitverkies is

Prof. P.J. de Bruin

Ons kán seker wees

Voordat op bostaande vraag antwoord gegee word, moet dit eers duidelik gestel word dat ons wel seker **kan** wees dat ons ware kinders van God en dus uitverkorenes is. Dit sien ons in die Skrif. Paulus sê dat hy verseker is dat niks ons kan skei van die liefde van Christus nie (Rom.8), en dit ondervind hy as hy sy dood sien nader kom as hy sê dat hy seker is dat die ewige lewe op hom wag (2 Tim.4). Ons kán en moet dus seker wees dat ons kinders van God is.

Tog weet elke gelowige ook dat daar soms tye kom waarin 'n mens ernstig twyfel of jy die saligheid sal beërwe. Dan voel dit vir jou of die vaste geloofsgrond waarop jy altyd gestaan het, begin wegkruimel. Dan het jy geen vastigheid meer nie en word jy soms ook beetgepak deur 'n benoude gevoel van vrees en angs. In die reël twyfel so 'n persoon dan nie aan die bestaan van God of die verlossing in en deur Christus nie, maar of hy **persoonlik** deel het aan hierdie verlossing deur Christus.

Sekerheid uit onsekerheid

Daar kan op gewys word dat die blote feit dat die vraag of ek uitverkies is, wat in alle erns by die mens opkom, die bewys is dat hulle werklik uitverkorenes is. Hierdie vraag kom nooit uit die diepte van die hart van die ongelowige en goddelose op nie. Vir hulle is dit om't ewe of hulle uitverkorenes is of nie. Selfs by die gelowige kind van God wie se geloofslewe om een of ander rede tot 'n dieptepunt gedaal het, kom die vraag waarlik in alle erns op.

Net so min as wat ek kan twyfel of ek lewe as ek asemhaal en my hart klop, net so min moet ek twyfel of ek 'n kind van God is as ek worstel met die vraag of ek werklik 'n uitverkorene is, want juis die feit dat ek daaroor twyfel en my daaroor bekommer, toon dat ek verlang na sekerheid; dat ek smag om vrede deur die geloof in Christus te hê; dat ek brand om werklik in volle sielorus by Jesus te wees. Dit alles toon dus dat ek nie geestelik dood is nie maar geestelik lewe.

Die Dordtse Leerreëls

Diegene wat worstel met die probleem van hulle persoonlike uitverkiesing, kan ook groot troos vind in ons belydenisskrifte, met name in twee gedeeltes van die Dordtse Leerreëls wat besonderlik op hulle van toepassing is.

Die eerste is hfst. 1:16 wat so lui: "Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertroue van die hart, die vrede en die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en roem in God deur Christus **in hulle nog nie kragtig gevoel nie** en nogtans die middele gebruik waardeur God belof het om dit alles in te werk, **hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie of hulle ook onder die verworpenes reken nie**; maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorfloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag".

Die tweede is hfst. 5:11 en lui so: "Intussen getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende twyfelinge van die vlees stry en, as hulle in sware aanvegtinge kom, nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van volharding gevoel nie. Maar God, die Vader van die vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee (1 Kor.10:13), en Hy wek in hulle die versekerdheid van die volharding deur die Heilige Gees weer op".

Gebruik die middele

In hierdie gedeelte van ons belydenis kan dié by wie die vraag opkom of hulle uitverkies is, sekerlik antwoorde op baie van hulle vrae vind. Tewens word hierin, veral in die eerste aangehaalde gedeelte (hfst.1:6), ook aan hulle gewys wat hulle van hulle kant moet doen om sekerheid van die geloof te bekom, **hulle moet die middele gebruik waardeur God belooft het om die sekerheid in hulle te werk.**

Hierdie middele is onder andere Skriflesing en Skrifstudie, gebed, kerkbesoek, die gemeenskap van die heiligs, met ander gelowiges en veral met die ampsdraers praat oor die eie twyfel, ensovoorts.

Wie getrou van hierdie deur-God-ingestelde middele gebruik maak, kan daarvan seker wees dat God op Sy tyd weer aan hulle volle sekerheid van die geloof sal skenk.

Wat sê die Skrif?

Die sekerheid dat ons uitverkore kinders van God is, moet ons egter nie in die eerste plek gaan soek in die verborge raad en wil van God wat deur 'n buitengewone, besondere openbaring sonder of buite die Woord van God aan ons bekend word nie (D.L. 5,10); nee, ons moet dit soek in Sy *geopenbaarde wil* soos ons dit vind in die Bybel. In Sy Woord verklaar die Here dat die wat in Christus glo, gered word (Hand.16:31). Die apostel Johannes sê: "Dit het ek geskrywe **aan julle wat glo** in die Naam van die Seun van God, **sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het**" (1 Joh.5:13).

Hieruit is dit duidelik dat die Here self verklaar **dat wie opreg in Christus glo, uitverkorenes is en die ewige lewe beërwe.** En al wat ons moet doen is, om God nie te wantrou nie, maar Hom op Sy Woord te neem dat wie in Hom glo, werklik uitverkorenes is.

Daar mag miskien mense wees wat, as hulle dit hoor, sal vra hoe bepaal kan word of die mens se geloof sterk genoeg is. Hierop moet ons antwoord deur te verwys na die vader van die maansieke kind van wie ons lees in Markus 9. Toe Christus hom gevra het of hy werklik glo, was sy antwoord onder trane: "Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp". Hiermee het hy getoon dat naas sy geloof in Christus daar nog soveel ongeloof en twyfel in sy hart woeker. En wat het Christus toe gedoen? Hom afgewys omdat sy geloof nog te swak was? Nee! Christus het hom aangeneem, sy gebed verhoor en sy kind genees.

Vir ons beteken dit dat al is ons geloof nog so skommellend en wankelend en vol twyfel, God ons tog ook in genade aansien en aanneem as Sy kinders. Van Christus word tog gesê: " 'n geknakte riet sal Hy nie verbreek en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie" (Matt.12:20). Dit beteken dat al is my geloof so dat ek met 'n geknakte riet of 'n rokende (nie brandende) lamppit vergelyk kan word, Christus my tog in genade aangeneem het.

Natuurlik beteken dit nie dat ek maar op my louere kan gaan rus sover dit my geloofslawe betref nie. Van my kant af sal ek daadwerklik alles in my vermoë moet doen om steeds vaster aan die Here gebind te word en nader aan Hom te lewe. Christus sê self: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort" (Luk.13:24). Maar as my geloof ondanks al my stryd en worsteling in my eie oë tog nog die beeld van die geknakte riet of rokende lamppit vertoon, hoef ek nie te vrees dat God my sal verwerp en nie in genade aanneem nie. My geloof is immers nie uit myself nie, dit is 'n gawe van God.

Uit die gelowige aanvaarding van wat God aan ons sê in Sy geskrewe Woord, en uit die gelowige aanvaarding van Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het, kan ons seker wees van ons uitverkiesing en saligheid. Die Skrif leer ons: "Hy wat in die Seun glo, **het** die ewige lewe" (Joh.3:36). Hy het dit **nou al**, en sal dit nie eers eendag ontvang nie.

My geloof dra vrugte

Ons kan laastens sekerheid van ons uitverkiesing kry uit ons lewe en werke – in die gees van die Heidelbergse Kategismus wat verklaar: "dan ook dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees" (HK antw.86).

Die geloof dra vrugte en aan die vrugte kan die geloof geken word (Matt.7:17; Gal.5:22). Iemand wat nie vrugte van geregtigheid voortbring nie, besit geen geloof nie. Iemand wat as dief, dronkaard, hoereerder, lasteraar en veragter van God en Sy Woord deur die lewe gaan, toon daardeur op onmiskenbare wyse dat hy geen ware geloof besit nie en geen uitverkorene is nie. Maar hy wat – al is dit in swakheid – jaag na die goeie dinge, wat die liefde vir hierdie wêreld wil afsterwe en die sonde haat, wat naby God wil lewe en Hom in woord en daad wil dien, wat Sy Woord graag wil lees en hoor, wat sy naaste volgens Christus se bevel tot naaste liefde wil bystaan en help, toon daardeur dat hy 'n kind van God is.

Al hierdie dinge is vrugte van die geloof en dien tot bewys daarvan dat ons genade by God gevind het en dat ons uitverkorenes is in wie die Gees van God werk. So verkry ons ook op die wyse sekerheid van ons uitverkiesing.

Dit dien tot versterking van ons geloof as ons sien hoe God ons krag gee om in swakheid uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus die goeie te soek en die geregtigheid na te jaag. Natuurlik durf ons nie daarop roem nie. Veel eerder moet ons treur dat daar vanweë ons sonde nog so weinig vrug van die geregtigheid in ons lewens is.

Dit kom daarop neer dat die vrugte van ons geloofslawe, ons goeie werke, nie die fondament lê vir die sekerheid dat ons kinders van God is nie, maar ons agteraf daarop wys en dit bevestig dat ons wel Sy kinders is. Want dan sien ons ons

goeie werke nie as 'n prestasie van onself nie, maar as iets wat God ons in genade deur Sy Heilige Gees in en deur ons werk.

Samevattend kan ons dus van harte saam met ons Dordtse Leerreëls bely: "Hierdie sekerheid (dat ons waarlik uitverkorenes is) spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in Sy Woord baie oorvloedig tot ons troos het; (verder) uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is, en eindelijk uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke (D.L. V,10). (De Bruyn, P. *Dominee ek wil weet*, 1980:3-6) (As ons nadink oor ons doen en late, meer spesifiek ons 'goeie'dade, kom ons maar elke keer tot die volgende gevolgtrekking; *Dit is God wat in ons werk om te wil en te werk tot Sy welbehag (Fil 2:13).*

Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

Daniël Francois du Toit - Oom Lokomotief

Daniël Francois du Toit, die ouer broer van ds S J du Toit, het 'n groot invloed deur die GRA se mondstuk, die Patriot, op die gang van sake gehad deur bemoediging aan die Boere tydens die Eerste Vryheidsoorlog. Maar hy is relatief onbekend teenoor sy jonger broer ds S.J. du Toit. Daarom so 'n kort stukkie om hom beter bekend te stel.

Hy is op 15 Jan.1846 op Kleinbosch in Daljosafat gebore. Sy ouers was David Petrus du Toit en Helena Elizabeth du Plessis. As boerseun help hy sy pa op die wynplaas en begin eers laat leer, wanneer hy en sy broer 'n Goewermentskool in Daljosafat bywoon. Hulle onderwyser hier was die Engelsman Bart Smith, wat 'n foutiewe uitspraak van sy eie taal gehad het en die leerlinge daardeur beïnvloed, sodat Oom Lokomotief later te skaam was om die bietjie Engels wat hy kon bemagtig, te gebruik. Dit gaan beter wanneer hy eerwaarde Roth as onderwyser kry. Uiteindelik spandeer hy slegs sowat drie jaar op skool en is hy in 'n groot mate 'n outodidak. (beteken self-geleer – deur eie studie opgelei) (Wikipedia p1)

Genootskap van Regte Afrikaanders

Op 14 Augustus 1875 is hy een van die agt stigterslede van die *Genootskap van Regte Afrikaners*. By die publiek is hy bekend as Oom Lokomotief, die naam waaronder hy gereelde rubrieke in *Di Patriot* behartig. Vanaf 1876 dien hy op die redaksie van *Di Patriot* en word dan in 1878 die vaste redakteur van hierdie koerant, 'n taak wat hy vir 14 jaar tot 1891 vervul het. Die sterk groei van *Di Patriot* was grotendeels te danke aan sy oorname as redakteur en die politieke menings wat daarin toegelig is. Byvoorbeeld, met die anneksasie van Transvaal (12 April 1877) en gedurende die Eersre Vryheidsoorlog (1880-1881) het die koerant sterk ondersteuning aan Transvaal (ZAR) gegee. In hierdie hoedanigheid bepaal hy die redaksionele beleid van die blad en is ook ten volle verantwoordelik vir die uitgawe daarvan. Hy is ook medestigter van die drukpers wat sy naam dra, D.F. du Toit & Co, wat *Di Patriot* druk asook verskeie ander publikasies van die *Eerste Afrikaanse Taalbeweging*. As redakteur het hy groot invloed gehad, ook op Totius, want hy (Totius) het politiek meer soos sy oom gedink as soos sy pa S.J. du Toit. [Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het Totius saam met sy Oom Lokomotief vir die Boere geveg – Totius as Kaapse “Rebel” en Oom Lokomotief as Vrystaatse burger.]



Hy is medestigter van die *Gedenkschool der Hugenoten* in Daljosafat in 1882 en tree net vir 'n kort rukkie op as die eerste onderwyser, want hy kon die redakteurskap van *Di Patriot* nie saam met die skoolhou behartig nie. Hier het Totius later ook skoolgegaan.

In 1891 het Oom Lokomotief saam met C P Hogenhoud *Di Patriot* verlaat omdat hulle politiek nie met sy broer ds. S J du Toit kon saamstem nie. (SJ het teen Paul Kruger gedraai en 'n het 'n Rhodes-ondersteuner geword).

Waar kom die naam Oom Lokomotief vandaan?

Die naam Lokomotief, afkomstig van Arnoldus Pannevis, was bloot 'n adresnaam vir korrespondensie, want die lede van die Genootskap was geheim. Tog het dit die gedagte van ‘voortrek’ gehad. Op die vergadering van 15 Jan.1876 is besluit “dat die uitgewer van die ‘Patriot’ die naam Lokomotief sal oorneem! “Na verloop van 'n paar jaar was dit 'n gemeensame naam geworde. Toen D.F. du Toit die redakteurskap aanvaar het onder zijn naam als verantwoordelike persoon, was die naam van Lokomotief al so ingewordtel, dat maar min mense daaraan gedag het om briewe aan die ‘Patriot’ anders te adresseer. So is mnr D.F. du Toit, Lokomotief geword en gebly” Die adres van Die Patriot was dus: Oom Lokomotief, Kantoor van die Zuid Afrikaan en Volksvriend, Kaapstad.” (Oom Lokomotief, 87, 89)

Oom Lokomotief se invloed

“Die ‘Patriot’ het in Jan. 1876 met skaars 50 intekenare begin. Die uitgawe van 19 Aug. dieselfde jaar sê: “Die blattjie is nou 8 maande oud , en sijn intekenare is nou ruim *agmaal* so veel as bij die begin”. In 1877 word dit 'n weekblad in groter formaat. “Nou is daar 665 intekenare en elke week kom daar nuwe bij.” (24 Aug.). In Aug 1878 was dit 950 (6 Sept). In die Patriot van 22 Maart 1878 staan: “Die invloed van die ‘Patriot’ neem bij die dag toe, so selfs dat die burgers in buite-distrikte private poste oprig om ons blad geregeld te krij en te sien wat ons raad is in die moeilike omstandighede (nl die Transvaalse anneksasie). Jaarliks het daar tussen 500 en 600 intekenare bygekom. Ons geef God die eer en skryf dit nie aan onself toe nie” (die Afr. Patriot, 90).

Oom Lokomotief sê in die uitgawe van 30 Des.1881 dat die uitbreiding van die *Patriot* om 2 redes kom:

1. Die Transvaalse oorlog;
2. Die Kaapse Sinode einde van 1880 “het die Grote Raad, in 'n ywer sonder verstand, die *Patriot* onverhoord en sonder enige regmatige grond veroordeel, en die veroordeling werd in duisende boekies afgedruk en deur predikante en ouderlinge versprei in die Gemeentes. Met hulle *invloed* sou hulle, teen reg en waarheid aan, die *Patriot* nou uitroei. En wat was die gevolg? Dis al weer geblyk, soos al honderd male vroeger in die Wereld- en Kerkgeskiedenis, die waarheid is sterker as die heersende partye en persone. Toen was ons getal intekenare nog gen 2,000 nie; nou word 3,700 Patriotte gedruk” (89-91).

Oom Lokomotief en die Sinode

“In die Kaapse Sinode van 1880 was die ‘Patriot’ amper 2 daë lank die onderwerp van bespreking. Die beskrywings-punt wat die aanleiding was het gelui:

“Met die oog op art. 10 onzer Kerkelyke Wetten benoemde de Synode eene Commissie om te onderzoeken of en in hoeverre zy een oordeel zal uitspreken over de geest en de strekking, in het godsdienstige zowel als in het politieke, van het weekblad, genoemd *die Afrikaanse Patriot*. ”

Ds S.J. du Toit het die Sinode toegesprek op die aanklagte en o.a. gesê: Vir die ingestuurde stukke was die redakteur nie verantwoordelik nie. Wat hyself geskryf het is hy bereid om alles terug te trek as hulle kan aantoon dat hy gedwaal het. Op sy waarom juis die *Patriot* tot verantwoording geroep moes word? was die antwoord “omdat het blad zich voordeed godsdienstig te zyn”. Maar had het bybelteksten verkeerd voorgesteld, zodat bleek dat het een valse godsdienst huldigde? Met ondersoek het dit geblyk nie waar te wees nie, nogtans is die blad allerlei namen toegevoegd... Dat de bevolking naar de Synode, als zy de *Patriot* veroordeelde zou luisteren dat geloofd hy, als zy alle goede rede gaf, maar eenvoudige gevoelsuiting zou geen goed doen.”

Die “Volkstem” se opinie oor die sinodale handelswyse: “*Die Patriot* het die zeldzame geluk gehad van bykans twee dagen lang het onderwerp van diskussie te hebben uitgemaakt in de Synode der Ned. Geref. Kerk te Kaapstad. De diskussie ontstond uit een voorstel van ds. Hofmeyer van Somerset Oost, die een kommissie wilde aangesteld hebben om te rapporteren over de politieke en godsdienstige strekking in de *Patriot*.

“Onzes inziens had de Synode beter gedaan met zich niet in te laten met de *Patriot*. Wy zyn geen bewonderaars van dat blad, maar evenmin behoren wy tot deszelfs heftige tegenstanders en alles dat we door de Synode uitgericht kunnen zien is dit, dat zy het licht heeft gebracht dat de *Patriot* een veel grotere macht in het land is dan vroeger bekend was, en dat die macht veel waarskynliker vergroot dan verminder zal worden door de diskussie en genoemde besluit. Geen politieke noch kerklike banbliksems zyn in staat een nieuwsblad te vernietigen dat een behoefte in het land vervult en, schoon wy de taal verafskuwen waarin de *Patriot* geschreven is vele der door haar geuite gevoelens veroordelen, kunnen we toch de ogen niet sluiten voor de feit dat zy een van de kragtigste faktoren is geweest om het volk van Zuid-Afrika een besef te doen krygen van zyn politieke rechten en verantwoordelikheden” (P. 3 Des.80). (*Oom Loko en die Sinode*, 91-93).

Oom Lokomotief se sondes volgens sy vyande wat hy self opsom

In die uitgawe van 6 Des 1878 skryf oom Lokomotief: Ons saak neem sterk toe. Gen week sonder nuwe intekenare nie. 'n Nuwe snelpers is ontbode (bestel) en die Afrikaners spring van alle kante by om dit te betaal. Die *Patriot* kom ankomde jaar die helfte groter uit. Die Genootskap het besluit om 'n begin te maak met die Bybelvertaling.

Hulle het dag en nag gewerk vir die saak en nou dit lyk hulle moeite beloon sal word, “nou word ons eers gehaat en gesmade van verskillende kante. Hy som dit soos volg op:

- “a) *Ons is te Afrikaans*. Ons is nie Engelsgesind soos *Cape Times*, *Graaff-Reinet Advertiser* ens. Ons is nie tweslagtig, half Engels half Hollans, soos *Era*, *Colesberg Advertiser*, en ander nie. Ons wil nie ver die naam Hollands, die Engels help invoer nie. Ons is Afrikaans – heeltemal Afrikaans met hart en siel. Dis sonde nommer één.
- b) *Ons is te Godsdienstig* – Ons wil Gods en syn naam en eer oral geërbiedig hê. Ons misken die Opperwese nie, nes die ander koerante nie. En hier is 'n vername bron van al die bittere vyandskap. Die Bose kan ons nie verdra nie. Hier is sonde nommer twee.
- c) *Ons is te rondborstig* – Ons kom uit ver die waarheid, sonder ansien van persoon. Ons noem elke ding by syn naam. En daarom mag ons ook wel met Paulus sê: “Bin ik dan uw vyand geworden u de waarheid zeggende?” (Gal.4:16). Dis ons derde sonde.
- d) *Ons is te voorspoedig* – Ons intekenare neem te sterk toe. Die *Patriot* gaat straks alle koerante verby. Dit kan hulle skade doen... En dis ons laaste laaste grootste sonde, en is die eintlike oorsaak van al die vyandskap.”

Na die Vrystaat

In 1992 verhuis oom Lokomotief na die Vrystaat: probeer eers boer, dis nie suksesvol nie en hy begin ‘n plaasskooltjie. In 1892 is hy na Bloemfontein en word deel van die redaksie van die *De Express*. Vier dae voor die uitbreek van die oorlog in die aangesig van die vyand skryf D.F. du Toit (oom Lokomotief): “Ik heb lang geswogen doch sou mijn geweten verkrachten, indien ik nu niet getuigenis geeft dat, indien het tot een oorlog komt – hetgeen ik nog hoop en bid dat de Heere in zijn genadige ontferming moge afweren – naar mijn innige overtuiging, naast Rhodes, niemand in Zuid-Afrika grooter verantwoordelijkheid zal hebben voor het bloed dat zal vergoten worden dan ds S.J. du Toit.” (d’Assonville, 1993:64)

Hy sluit by die Boeremagte aan en is gevang en uiteindelik as krysgevangene na Indië gestuur. Na die oorlog doen hy vertaalwerk vir *The Friend* in Bloemfontein. In 1905 word hy die eerste hoof van die *Vrije Christelike School* wat op die stoep van die Gereformeerde Kerk in Bloemfontein gestig is in reaksie teen Lord Milner se verengelsingsbeleid, en word die eerste hoof. Hierdie skool word later die *Sentraal Hoërskool*. (Wikipedia,2).

Stryd vir Afrikaans

Hy dra by tot die veldtog vir Afrikaans en dien saam met ander strydere soos generaal J.B.M. Hertzog, Dr. O’Kulis (ds Willem Postma) en professor Adriaan Francken en dien op die bestuur van die Afrikaanse Taalgenootskap wat op 12 April 1907 gestig word.

Hy laat “ ‘n groot aantal gedigte na en sy prosa, veral sy hoofartikels in *Di Patriot*, dra veel gewig. So skryf hy ‘n aantal artikels waarin hy Afrikaans as landstaal bevorder en sterk argumente aanvoer waarom Hollands nie weer in Suid-Afrika ten volle herstel kan word nie, terwyl hy die besware teen Engels as landstaal ook formuleer. Hy lewer ook insiggewende kommentaar op aspekte soos die erkenning van Hollands in die parlement (as teenwig vir Engels tot tyd en wyl sterk genoeg gevestig is), Christelike onderwys in skole en die erkenning van die Afrikaner in die politiek.

Saam met Arnoldus Pannevis, C.P. Hogenhout en S.J. du Toit skryf hy Die Afrikaanse Volkslied, wat in die Groot Verseboek en verskeie ander versamelbundels opgeneem is.

Die verse gaan oor: Ieder nasie het syn LAND, TAAL, WET, REG, TYD en dan die laaste vers wat lui:

Want al die nasies het één God,

Hy regel ieder volk syn lot;

Hy het vir ieder volk syn Taal,

Syn Land, syn Reg, syn Tyd bepaal.

Wie dit verag, sal syn straf dra:

O God beeskerm Suid-Afrika!

Uiteindelik word hy bewaarder van die Vrystaatse Argief, ‘n betrekking wat hy sou beklee het tot met sy dood in 1923. (Wikipedia, 2)

Sy Persoonlike lewe

Hy trou in 1882 met Anna Susanna du Plessis,. ‘n Dogter, Anna, word gebore en die moeder sterf met haar geboorte. In 1886 trou hy met Maria Catharina van Nierop, wat eers in Pretoria goewernante was vir sy broer, ds S.J. du Toit, se kinders. Drie seuns en drie dogters is uit die huwelik gebore. Op Sondag 22 April 1923 is hy in Bloemfontein, op 77 jarige ouderdom, oorlede en op Kleinbosch in Daljosafat op die familieplaas begrawe (d’Assonville, 1993:32,34,64).

(volgende keer verder)

* * * * *

Iets oor Bybelvertaling en vertalers

Afrikaans die eerste keer in die Kerk gebruik (10 November 1919)

By die Sinodesitting van die Kaapse NG Kerk in 1919 is op voorstel van dr. B.B. Keet besluit dat Afrikaans naas Hollands op die kansel gebruik kan word. Daar is ook besluit om met die medewerking van ander NG Kerke en die twee susterkerke van daardie tyd, nl. die Geref Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk, daadwerklik aandag te gee aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Dit was egter nie die eerste besluit wat in dié verband geneem is nie; die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk het reeds in Mei 1916 op voorstel van dr. N.J. van der Merwe ‘n dergelike besluit geneem.

Voorafgaande hieraan was daar ‘n ryppwordingsproses. Die Eerste Taalbeweging het grootliks ontstaan met die doel om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Ds. S.J. du Toit het verskeie proevertalings van enkele dele gepubliseer. Dit het egter weens die eienaardige spelling en ander faktore nie ingeslaan nie. Vanaf 1906 het twee jong studente op Stellenbosch, nl. Tobie Muller en Bennie Keet, hulle beywer vir ‘n Afrikaanse vertaling van die Bybel. Later het N.J. van der Merwe hom by hulle aangesluit. As proponent en as hulpprediker op Stellenbosch, het dr. Tobie Muller dit gewaag om in die CJV-saal in Afrikaans vir studente te preek. Hy is deur die kerkraad verbied om dit verder te doen.

Die groot deurbraak vir Afrikaans in die kerke het gekom met die verskyning van die Bybel in Afrikaans in 1933. In 1937 het Totius se *Berymde Psalms* in Afrikaans verskyn, en in 1944 is die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek in gebruik geneem.